

ST. VINCENT FERRER

5 APRIL

(1350-1419)



Hy bevind homself in 'n donker tyd van die Kerk se lang geskiedenis. Vincent word 'n Dominikaanse priester en het oor die gawe van prediking beskik en sy preke in oop velde het groot skares gelok en tallose siele na Jesus gelei. Dit was egter die tyd van die groot Kerkskeuring met 'n pous in Avignon en 'n pous in Rome. Eersgenoemde was 'n vriend van Vincent, en het hom selfs aangestel as pouslike biegvader, maar Vincent het tot die besef gekom dat die pous in Rome die regte een was en die een in Avignon niks meer as 'n teenpous nie. Hy oortuig die konings van Frankryk, Kastilië en Aragon om die pous in Rome te steun en so 'n einde te bring aan die verdeeldheid in die Kerk. Die heilige Vincent was lief om te sê: *“Wat 'n mens ook al doen, moenie aan jouself dink nie, maar aan wat God wil hê.”*